# HOËRSKOOL GRENS

McJannetrylaan, Baysville, Oos Londen, 5241


16 November 2022

Geagte Ouers/Voogde

**VERPLIGTE SKOOLFOOIE - 2023**

**Skoolfooie:**

1. Op die Algemene Begrotingsvergadering wat op 15 November 2022 gehou is, is die verhoging van skoolfooie vir die jaar 2023 na **R32 505,00** goedgekeur.
2. ‘n Resolusie t.o.v. skoolfooie, betaling van skoolfooie en vrystelling/verlaging (geheel/ gedeeltelik/ voor-waardelik) van skoolfooie is ook goedgekeur.
3. Die bedrag van **R1 000,00** met herregistrasie wat deur alle ouers betaalbaar is, vorm deel van die volgende jaar se skoolfooie. Alle registrasiegeld vir nuwe leerders sal R1 000,00 beloop.

**Betaling van Skoolfooie:**

1. Skoolfooie is vooruitbetaalbaar en die volle uitstaande bedrag moet voor of op **28 Februarie 2023** betaal word. Indien die volle bedrag nie voor of op 28 Februarie 2023 betaal is nie en/of ouers geen skriftelike ooreenkoms met die skool onderteken het voor of op 28 Februarie 2023 met betrekking tot die betaling van skoolfooie in gelyke maandelikse paaiemente nie, is die volle bedrag verskuldig en betaalbaar.
2. Indien ‘n ouer nie die volle skoolfooie van R32 505.00 eenmalig kan betaal nie, moet die skool se finansiële kantoor vooraf skriftelik in kennis gestel word. Skoolfooie moet dan in ‘n maksimum van elf (11) gelyke paaiemente van **R2 955.00** verdeel word (Januarie tot November). Hierdie paaiement is voor die 7de van **elke maand** ten volle betaalbaar.
3. Die volle uitstaande skoolfooie sal onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees indien enige paaiement nie op die verskuldigde datum betaal is nie.
4. By versuim om betaling ooreenkomstig ‘n skriftelike aanmaning te doen, sal **beide ouers** aan ‘n prokureur oorhandig word ten einde die skuld in te vorder, ongeag onderhouds- en hofbevele wat tussen die partye mag bestaan.
5. Die skool behou ook die reg voor om beide ouers as wanbetalers op die kredietburo se rekords te registreer.

6.1 Skoolfooie wat voor **31 Desember 2022** ten volle betaal is, kwalifiseer vir ‘n 10% korting.
6.2 Skoolfooie wat voor **28 Februarie 2023** ten volle betaal is, kwalifiseer vir ‘n 8% korting.
6.3 Skoolfooie wat op **7 November 2023** ten volle betaal is, kwalifiseer vir ‘n 5% korting.

6. Rente van 10% per jaar sal op agterstallige bedrae gehef word.

**Vrystelling/verlaging van skoolfooie:**

1. Die skool aanvaar en implementeer die vrystellingsregulasie soos dit in Oktober 2006 afgekondig is.
2. Ouers wat aanvoer dat hulle nie in staat is om skoolfooie te betaal nie en daarom vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolfooie aanspraak maak, (volgens artikel 39(4) van die Skole-wet) moet by die beheerliggaam vir sodanige vrystelling aansoek doen.
3. Die applikant moet die beheerliggaam skriftelik oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is.
4. Die applikant se aansoek:
    a. Moet skriftelik geskied op die voorgeskrewe vorm soos dit in die regulasies voorgeskryf is.
    b. Moet die totale jaarlikse en maandelikse bruto inkome en uitgawes van hul huishouding, met dokumente ter stawing, uiteensit.
    c. Moet die bates en laste van die applikant uiteensit.
    d. Moet die gesinsamestelling van die applikant uiteensit.
    e. Moet aandui of daar vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolfooie aansoek gedoen word.
    f. Moet elke moontlike relevante feit wat die applikant ter ondersteuning van die aansoek wil aanvoer, bevat.

5. Die beheerligaam sal geregtig wees om sodanige inligting wat na hul oordeel nodig is vir die regverdige en billike beoordeling van ‘n aansoek om vrystelling van betaling van skoolfooie, aan te vra of in te samel.
6. Geen aansoek om vrystelling wat nie aan die voorskrifte van hierdie besluit voldoen nie, oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig.
7. Die beheerliggaam geregtig sal wees om ‘n aansoek om vrystelling soos hierbo bedoel, te ontvang, te oorweeg en daaroor uitsluitsel te gee of aan ‘n komitee van die beheerligaam te delegeer.
8. ‘n Applikant wat hom/haar verontreg voel deur ‘n beslissing van die beheerliggaam of ‘n komitee van die beheerliggaam soos in paragraaf 7 bedoel, geregtig sal wees om binne sewe dae na ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek, skriftelik by die beheerliggaam daarteen te appelleer. Die appèl sal nie deur die beheer-liggaam van die hand gewys word sonder dat die applikant geleentheid gebied is om mondelings aangehoor te word nie.
9. Behoudens die reg van ‘n applikant om by die Departement van Onderwys te appelleer soos in artikel 40(2) van die Skolewet bedoel, die beslissing van die beheerliggaam finaal is.
10. Die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die beheerliggaam sal beoordeel of vrystelling in enige opsig verleen sal word al dan nie, is of die applikant voldoen aan die kriteria vir vrystelling soos uiteengesit in die Skolewet en enige toepaslike regulasies daarkragtens uitgevaardig.
11. Hierdie besluit sal nie die ouer of die skool van die reg ontneem om ‘n ooreenkoms aan te gaan om die skoolfooie te betaal op ‘n ander wyse as dié voorgeskryf deur hierdie besluit nie.
12. Die beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige voorwaarde, as wat redelik geag word, vir vrystelling aan ‘n applikant te stel.

**<u>Debietorders:</u>**

1. Aftrekkings per debietorder sal vanaf 1 Januarie 2023 tot 1 November 2023 geskied.
2. Debietorders vir Januarie 2023 sal reeds op **13 Desember 2022** per magneetband vir aftrekking in Januarie na die Bank gestuur word.
3. Dit is die ouer/voog se verantwoordelikheid om vas te stel of die debietorder afgetrek is of nie.
4. Bankkoste as gevolg van onbetaalde debietorders sal na leerders se skoolfooierekening oorgedra word.
5. Die Hoërskool Grens wil alle ouers vriendelik versoek om van die debietorderstelsel gebruik te maak. ‘n Debietorder instruksievorm is vir u gerief aangeheg. Alle nuwe debietorder instruksies moet ons asseblief voor of op **30 November 2022** bereik.

**<u>Direkte inbetalings in die lopende bankrekening</u>**:
Ouers word versoek om die leerder se naam/van en rekeningnommer as verwysing op die deposito aan te bring sodat die deposito op die bankstaat geïdentifiseer kan word.
**Die skool se bankbesonderhede:**
**ABSA, Frere Square, Oos-Londen**
**Rekeningnommer: 700350258**
**Takkode: 632005**

**<u>Kaartmasjienfasiliteite:</u>**
Kaartmasjiene is by die skool se finansiële kantoor beskikbaar.

Indien u probleme met betaling van skoolfooie of die invul van vorms sou ondervind of enige navrae het, kontak ons gerus.

Ons wil ook van dié geleentheid gebruik maak om al ons ouers, wat hulle skoolfooie getrou betaal het en ooreenkomste stiptelik nagekom het, hartlik te bedank.

Ons wens vir u en u gesin ‘n aangename Kerstyd en ‘n voorspoedige Nuwejaar toe.

Die uwe

……………………………………
**G. SPIES**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**